**HUIS HJ PIEK**

085-628-NPO

Middelstraat 153; NIEUW MUCKLENEUK 0181
012 460 6231/2 bestuur@huispiek.co.za

## ONS GROEI STEEDS

Huis HJ Piek is geleë in die boomryke area van Nieuw Muckleneuk, naby Austin Roberts Voëlpark in Pretoria en bied bekostigbare verblyf vir tot 70 selfversorgende inwoners ouer as 55 jaar. Ons strewe om akkommodasie te bied waar die latere jare van die lewe nie net gemaklik nie, maar ook betekenisvol geleef word. Met die intrapslag is dit duidelik: ons atmosfeer is warm, veilig en vol lewe, met 'n sigbare fokus op respek en menswaardigheid.

Ons leuse "Not getting older, but **GROWING** older," dui op ons geloof dat groei en nuwe ervarings nooit ophou nie.



Die daaglikse ritme van Huis Piek is sorgvuldig saamgestel om liggaam, siel en gees te verryk. Keurig voorbereide etes vorm deel van elke dag, terwyl aktiwiteite soos stoel-yoga, breingimnastiek en weeklikse eredienste inwoners aktief en betrokke hou. Professionele berading bied ondersteuning waar nodig, en skep ’n omgewing waar elke persoon gesien, gehoor en waardeer word. Laasgenoemde, asook baie van ons geleenthede, soos Wêreldbiddag vir Vroue, Moedersdag, Vadersdag en Kersfees, word met flair en styl gevier danksy die betrokkenheid van die NG-Kerke in ons omgewing. Hulle verdien vermelding en ons opregte dank: NG Kerk Waterkloof, Stellastraat en Waterkloofrif.



Ons sosiale lewe is ’n vrolike hoogtepunt met BINGO elke tweede week, asook maandelikse konserte en informele kuiergeleenthete, wat die huis met musiek en kreatiwiteit vul. Ons moet klem plaas op die gewilde jaarlikse konsert, waar inwoners self hul talente deel met eie stories en ‘n egte Piek-pantomime.



Elke personeellid se fokus by Huis Piek is eintlik direk en eenvoudig: om ’n ruimte vir ons inwoners te skep waar hulle nie net woon nie, maar waar hulle elke dag met vreugde en waardigheid, voluit LEEF en groei.

